


Wiskunde Graad 4


Kwartaal 1: Vaslegging van optel en aftrek

Vraag 1: Watter getalle word met elke letter voorgestel op die getallelyn?




A 640

B 655



C 234

D 258



E 5 870

F 6 000

Vraag 2: Gebruik die volgende syfers om die volgende getalle te maak:

4 8 5 3

a) Die grootste ewe getal 8 534

b) Die kleinste onewe getal 3 485

c) Die grootste onewe getal 8 543

d) Die kleinste ewe getal 3 458

Vraag 3: Voltooi die volgende

3.1 $6\ 874 = 6\ 000 + 800 + 70 + 4$

3.2 $6D + 2T + 7E + 3H = 6\ 327$

3.3 $2\ 845 = (2 \times 1000) + (8 \times 100) + (4 \times 10) + (5 \times 1)$

Vraag 4: Doen die volgende optel- en aftreksomme

- 4.1 a) Skat die antwoord van $2\ 524 + 1\ 576$ deur elke getal af te rond tot die naaste 100

$$2\ 500 + 1\ 600 \approx 4\ 100$$

- b) Bereken nou die antwoord van $2\ 524 + 1\ 576$

$$4\ 100$$

- c) Kontroleer jou antwoord deur die teenoorgestelde bewerking te doen.

$$4\ 100 - 1\ 576 = 2\ 524 \text{ of } 4\ 100 - 2\ 524 = 1\ 576$$

- 4.2 a) Skat die antwoord van $4\ 852 - 2\ 083$ deur elke getal af te rond tot die naaste 100

$$4\ 900 - 2\ 100 \approx 2\ 800$$

b) Bereken nou die antwoord van $4\ 852 - 2\ 083$

2 769

c) Kontroleer jou antwoord deur die teenoorgestelde bewerking te doen.

$2\ 769 + 2\ 083 = 4\ 852$

Vraag 5: Los die volgende woordprobleme op:

5.1 Hannes wil 'n nuwe rekenaar koop. Hy het reeds R2 699 gespaar en benodig nou nog R1 876 voor hy die rekenaar kan koop. Hoeveel kos die rekenaar?

Koste van rekenaar = R2 699 + R 1 876

Wys berekening

= R4 575

5.2 Nina se gesin moet 3 025 km ry tot by die plek waar hulle vakansie gaan hou. Hulle ry die eerste dag 1 279 km. Hoe ver moet hulle nog ry om by hulle vakansiebestemming te kom?

Afstand = 3 025 km – 1 279 km

Wys berekening

= 1 746 km